# KINDERKERK LES: Funles - Sout vir die aarde

**Doel van les:**

Ons gaan hierdie kwartaal bietjie kyk wat Jesus bedoel het in Matt 5:13 toe Hy gesê het dat ons sout vir die aarde moet wees. Vandag gaan ons eers kyk hoekom sout so belangrik in Jesus se tyd wat dat Hy eintlik in die Bybel noem en ONS dan ook daarmee vergelyk.

**Inleiding:**

Jesus sê in die Bybel dat Sy kinders die Sout van die aarde is. Wow! Wat dink julle kan dit beteken? Ek is mos 'n mens en nie sout nie. Ek is nie eens peper nie! Ek is 'n mens met hande en voete! Wat van julle? Sê Jesus dan ek is soos sout in die sout potjie. Nee, ek dink nie dis wat Jesus bedoel nie.

**Ysbreker: TASTE-TEST:**

- As sout so belangrik is dat Jesus ons eintlik daarmee vergelyk, dan beteken dit seker dat ons sout dan ook moet 'herken'.
- Kan jy SIEN of daar sout in kos is of nie? NEE, jy moet dit PROE – want dit gee SMAAK.
- So, vir ons om dan meer oor sout te leer moet ons kyk hoe goed julle dit kan herken in kos.
- Elke kind kry 'n blinddoek en hulle eie plastiek lepel
- Voor julle is 'n klomp bakkies met goed in om te eet
- Kinders probeer raai WAT hulle eet, en of daar sout in is of nie.

**PROCESS: Taste-test**

- Watter kosse het die lekkerste geproe? Hoekom?

Sout is eintlik "amazing" en ons gaan vandag net bietjie speel met sout sodat ons kan ontdek watse wonderlike dinge sout kan doen.

## SOUT-EKSPERIMENTE:

***<u>Benodigdhede:</u>***

3 glase
1 kleinbordjie of poedingbakkie
2 rou eiers
1 swartsak
Lappie om jou tafel mee skoon te maak

- Nou sit baie van julle dalk hier en dink B-O-R-I-N-G!!! Dis net SOUT waarvan ons praat!
- Elke groep gaan gou 3 eksperiment met sout doen – miskien het van julle dit dalk al gedoen, en party het nie, maar ons wil regtig vanaand probeer verduidelik hoe AMAZING

sout REGTIG is, sodat jy sal VERSTAAN wat Jesus met sout vir die aarde bedoel het!

**EKSPERIMENT 1**: Eier sink in gewone water, maar dryf in soutwater
- 2 glasies met water in vir hierdie eksperiment
- Die leier gooi +/- 8 t sout in die een glas en roer goed
- Die ander glas kry geen sout nie
- Sit nou een eier in elke glas en kyk wat gebeur met elkeen

**EKSPERIMENT 2**: Sout laat ys smelt
- Elke groep kry bietjie crushed ice, sit dit in jou kleinbordjie of poedingbakkie
- Gooi nou bietjie sout oor dit en wag nie paar sekondes
- Wat gebeur?

**EKSPERIMENT 3:** sout laat tonic water bruis soos eno's
- Elke groep gooi 'n glas half vol tonic water.
- Gooi bietjie sout by (die sout 'kook' die helfte van die tonic water uit en bruis geweldig)
- Wat gebeur?

## SAMEVATTING:

Wanneer Jesus sê ons moet soos sout wees bedoel Hy dat ons die wêreld beter moet maak soos sout dit doen, deur die manier wat ons leef en die voorbeeld wat ons stel. - Ons gaan volgende week verder gesels oor hoe ons as kinders van Jesus Sout vir die aarde kan wees.

Sluit af in groepe met gebed.